MEDIAVERKLARING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

TEKSTIELUITSTALLING – ROY STARKE

Pretoria, 23 Februarie 2014. ‘n Uitstalling deur die beroemde tekstielkunstenaar Roy Starke sal van 1 tot 30 April in Galery 20.20 by die Voortrekkermonument te sien wees.

Die werke is groot – ‘n reeks van 11 wat die kunssiening van Vincent van Gogh met betrekking tot die gebruik van kleur navolg. ‘n Wagner-reeks en 10 nuwe stukke sal ook te sien wees. Van Starke se werke kan lokaal en internasionaal in verskeie versamelings gesien word, soos die *Michigan State University* in die VSA, die Pretoriase Kunsmuseum en die Tatum Galery. Hy het al uitgestal in Perth, Londen, Parys, San Francisco en Japan.

Roy Starke het die kuns van kwiltwerk tot ‘n skone kunsvorm omskep. Terwyl hy steeds die tradisionele tegniese vaardighede van kwiltwerk, soos borduur- en naaldwerk gebruik, integreer hy hierdie vakmanskap tot kunswerke wat gedissiplineerde komposisies, kleur en kreatiwiteit saamsnoer.

Volgens Starke probeer hy die simmetrie van tradisionele kwiltwerk vermy. Hy dink dat die reëls van tradisionele kwiltwerk gebreek, gerek en heeltemal verontagsaam kan word. Die teksture wat hy gebruik, verleen bykans ‘n beeldhou-effek aan sy werke, wat gewoonlik nie deur skilder bereik kan word nie.

Die galery is van Maandag tot Vrydag van 08:00 tot 16:00 oop, en normale toegangsgeld tot die terrein is van toepassing. Navrae kan gerig word aan Christo Rabie by opvoed@vtm.org.za of 012 326 6770.

UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@vtm.org.za